


**CENTRAL  
SENTRAAL**

**KAROO**

**DISTRIKSMUNISIPALITEIT / DISTRICT MUNICIPALITY  
UMASIPALA WESITHILI SASE**



63 Donkin Street  
Donkinstraat 63  
Private Bag X560  
Privaatsak X560  
Ingxowa X560  
BEAUFORT WES(T)/ BHOBHOFOLO  
6970

iFaksi / Fax / Faks: 023 - 415 1253  
iFowuni / Tel: 023 - 449 1000  
E-mail: manager@skdm.co.za

**EXTRACT FROM THE MINUTES OF A SPECIAL COUNCIL MEETING HELD  
ON FRIDAY, 24 FEBRUARY 2017 IN THE SOLLY ESSOP COUNCIL  
CHAMBERS AT CONSTITUTION STREET, BEAUFORT WEST**

### **3.2 COMPILING OF THE 2016/17 ADJUSTMENT BUDGET. (CF HOFFMANN) 6/1/1/1**

Mnr. Hoffmann gee agtergrond rakende die opstel van 'n Hersiene Begroting wat voorsiening maak vir aanpassings gedurende 'n finansiële jaar.

Mnr. Hoffmann noem dat dit belangrik is dat toekennings wat ontvang word gedurende die jaar opgeneem word in die begroting, andersins is dit nie toelaatbaar vir die Munisipaliteit om fondse te spandeer nie.

Mnr. Hoffmann versoek die Raad om hul te vergewis van die Provinsiale "Government Gazette" van 24 November 2016 waarin melding gemaak word van eksterne toekennings en het die Munisipaliteit 'n bedrag van R3 480-00 ontvang soos vervat in die Begroting.

Uitklaring word verleen in terme die bedrag soos ontvang en word genoem dat die bedrag soos uiteengesit in die Agenda toegeken is ingevolge die indiening van 'n Besigheidsplan.

Die Raad versoek dat dié Besigheidsplanne voorgelê word om sodoende te korreleer of spandering geskied ingevolge die aanvraag in die Besigheidsplan.

Die Raad neem kennis dat die bedrag eenmalig is en jaarliks aansoek gedoen moet word vir eksterne befondsing.



**CAPE KAROO**  
LEWENS-ONTWIKKELINGS-OMREËK

Die Burgemeester verneem of die Raad in 'n posisie sal wees om hul werksaamhede af te handel tot einde Junie 2017.

Mnr. Hoffmann noem dat die Begroting beter uitsien as die aanvanklik Begroting wat in Mei 2016 goedgekeur is.

Hy wys die Raad daarop dat die Begroting slegs 'n beraming is en kan onvoorsiene omstandighede opduik. Hy bied die versekering dat indien spandering in terme die Begroting geskied, daar geen probleme voorsien word nie.

***Na bespreking, op voorstel van Rdl. R. Hugo, gesekondeer deur Rdl. R. Meyer, is die Raad eenparig in die goedkeuring van:***

***\* Die Aansuiweringsbegroting vir 2016/17 insluitende die onderstaande aanpassings/veranderinge:-***

- Die Reis- en Verblyf pos van Raadslede verhoog word.
- Die bedrag soos toegeken aan die Geloofstafel, R30 000 verskuif word na Jeugdag en die Jeugdag se bedrag van R2000 aan die itemlyn van Geloofstafel geallokeer word.
- Die aangepaste A skedules vir 2015/16 goedgekeur word.



**S. JOOSTE**  
**MUNISIPALE BESTUURDER**